

Luk 12:32-40 Wees gereed, want Jesus kom weer

Toe ek nog op skool was – dit was seker min of meer 'n leeftyd gelede! – was my pa 'n burgermagkapelaan. Dit was aan die begin van die grensoorlog daar in die noorde van die destydse Suidwes-Afrika. En toe, op 'n dag, kry hy oproepinstruksies, en is hy weg grens toe. Weke lank. Ons het die dae afgetel, en kon nie wag dat hy moet terugkom nie. En toe hy uiteindelik weer by die huis kom, was dit wonderlik.

Ek is seker baie van u het ook sulke stories om te vertel, van 'n geliefde wat weg moes gaan, van julle verlange, van die blydskap met die tuiskoms.

Ek wonder nogal wat my pa sou gedink het as ons nie by die huis was toe hy teruggekom het nie. As ons besluit het om te gaan vakansie hou, of so. En daar kom hy aan, met sy arms vol presente wat hy vir ons gekoop het, en hy staan voor dooiemansdeur! Hoe sal jý voel as dit met jou moet gebeur?

Jesus sê Hy kom weer, en ons moet op Hom wag. Kan ek vra: wag jy op die Here se terugkoms? Maak dit jou opgewonde? Is dit 'n gebeurtenis waarna jy uitsien? Of maak dit jou bang en onseker? Of dink jy liever glad nie daaroor nie?

As ek Jesus reg verstaan, is dit nogal 'n belangrike vraag. Want die wederkoms is 'n realiteit. Jesus kom weer. En Hy kan enige oomblik weer kom. Daaroor is die Bybel óók baie duidelik.

Die vraag is nou: wat moet ons met dié feit maak?

Die Nederlandse teoloog Okke Jager het 'n gedig hieroor geskryf wat ek vry vertaal het:

“Kom haastig Jesus,” bid die predikant.

“Ja amen,” sê die een boer, “kom tog gou! Maar eers ná oestyd, want ek het nog nie 'n oes op my nuwe stuk land beleef nie.”

“Ja amen,” sê 'n vrou, “maar mag ek eers vir die rok spaar wat ek gister gesien het? Ek wil dit aantrek wanneer die koor weer sing.”

“Ja amen,” sê die kind, “maar nie nou al nie, want ons gaan see toe vir die

vakansie. Maar ek sal U laat weet, sodat U ons onder skooltyd kom verlos."

"Kom haastig, Jesus!" bid die predikant, "Maar mag ek eers my nuwe lesing gee wat ek vir die jeug gemaak het oor: 'Jy sal alles goed verstaan ná die wederkoms.'"

Die gebede kom in die hemel aan. Die engele swyg as hulle die gebede bring, en Jesus vra: "Kan Ek al vandag gaan?"

Sy Vader sug: "Jy sal maar moet nog wag."

Jesus sê in die gelykenis wat ons gelees het ons moet gereed wees, want Hy kan enige oomblik weer kom. Hy waarsku ons dat Hy onverwags gaan kom, en as ons dan nie gereed is nie, het ons probleme. Die vraag is: Hoe? Hoe moet ons gereed wees? Wat moet ons doen om gereed te wees? Waarin lê die wakkerbly waarvan Jesus praat?

Om te wag en gereed te wees vir Christus se wederkoms beteken nie om ons oë heeldag op die wolke te hou sodat ons Hom kan sien wanneer Hy kom nie. Dis in elk geval onnodig. Jesus het gesê sy wederkoms sal so sigbaar en onmiskenbaar wees soos weerlig wat die hele hemelruim verlig. Ons sal dit weet sonder dat ons op daardie oomblik gekyk het (Luk 17:24).

Die antwoord kry ons in die woorde wat die Here Jesus gesê het net voordat Hy oor die wederkoms praat. Daar het Hy gepraat oor die sorg van die lewe, en 'n lewe waarin jy leef uit God se sorg. Die lewe is belangriker as kos en klere, sê Hy in vers 23. Daarom moet ons nie ons lewe daaraan wy om goed bymekaar te maak nie.

Ons moet ons lewe daaraan wy om besig te wees in sy koninkryk, sê Jesus. In vers 31 sê Hy: Beywer julle vir sy koninkryk, dan sal Hy julle ook hierdie dinge gee. Hy gaan so ver as om ons aan te raai om ons besittings te verkoop en bydraes vir die armes te gee, want ons besittings kan 'n struikelblok word in ons lewe voor Hom en ons wag op sy koms.

Dit vra dat ons ons oë van ons goed sal wegtrek en die mense om ons sal raaksien. 'n Mens wat ontdek het dat God die koninkryk aan hom geskenk het (vers 32!) is iemand wat weet dat hy alles van God gekry het. Daarom hoef hy nie so krampagtig besig te wees om op te gaar vir 'n reëndag nie - God sal op die reëndae vir hom sorg - hy hoef nie net aan homself te dink nie; hy kan aan ander dink en ander in hulle nood help.

'n Mens kan baie maklik erg intellektueel oor geloof praat, maar geloof is 'n baie praktiese saak. Dis 'n lewenswyse. Geloof beteken nie net dat jy verstaan dat die Here Jesus vir jou op Golgota kom sterf het nie. Geloof beteken óók dat jy verstaan dat die Here Jesus jou stuur na die wêreld in nood, na die mense om ons, die armes, die eensames, die treurendes, die siekes, sodat sy sorg deur ons ook by hulle kan uitkom.

Dán sal ons gereed wees as Hy weer kom. Dán sal ons ook hoor: *Mooi so, goeie en getroue dienskneg, gaan in in die vreugde van jou Heer. Want Ek was honger, en jy het vir My iets gegee om te eet; Ek was dors, en jy het vir My iets gegee om te drink; sonder klere, en jy het vir my iets gegee om aan te trek, siek, en julle het My besoek ...* (vgl Matt 25:31 ev).

Die vraag is nie net of ons glo dat die Here eendag weer gaan kom nie. Die vraag is ook of ons op sy koms wag, en veral wat ons doen terwyl ons wag. Ons is waaksaam as ons besig is om in die Here se koninkryk te werk. Gelukkig is hulle vir wie Hy wakker sal aantref as Hy kom.

Amen

Kom haastig, Jesus!

“Kom haastig, Jesus!” bid die predikant.

“Ja, kom gou,” sê 'n boer, “kom gou!

Maar eers ná die oes, want van my nuwe land het ek nog nooit die opbrengs aanskou.”

“Ja, kom gou,” sê 'n vrou, “maar laat ek eers spaar vir die mooi jas wat ek gister gesien het, dat ek hom kan aantrek as die ACVV weer byeenkom.”

“Ja, kom gou,” sê die kind, “maar nie nou nie.

Ek moet nog met vakansie na die see gaan.
Kom liever eers
wanneer die skool weer begin het.”

“Kom haastig, Jesus!” bid die predikant.
“Maar mag ek eers die nuwe praatjie hou
wat ek gemaak het vir die tieners
oor: ‘Eendag sal julle wel verstaan’?”

Die gebede kom in die hemel aan.
Die engele wat dit bring, swyg.
En Jesus vra: “Kan Ek vandag al gaan?”
Sy Vader sug: “Jy sal maar nog moet wag.”

Okke Jager

Hoe trek jou offerrook?

’n Prentjie uit die Kinderbybel bly my by: Kain en Abel is albei besig om te offer. Abel se offerrook trek hemelwaarts, maar Kain s’n dwarrel sommer so op die grond langs terwyl hy met haat in sy oë na Abel gluur. Dis natuurlik net die kunstenaar se interpretasie van wat by die offers gebeur het, want die Bybel sê nie vir ons hoe Kain geweet het dat die Here Abel se offer aanvaar het, maar nie syne nie. Dalk het hy dit agtergekom toe die Here Abel se boerdery geseën het, terwyl sy graan nie wou groei nie. Ons weet nie al daardie besonderhede nie, want die Bybel vertel dit nie vir ons nie.

Die beeld van offerrook wat opstyg na God toe, is in [Openbaring 8:4](#) ook te kry, waar die gebede van die gelowiges saam met die wierook uit die offerbak opstyg voor die troon van God, as teken dat God dit aanvaar en hoor.

Dis duidelik uit [Genesis 4](#) dat daar heelwat dinge in Kain se lewe geskort het, en dit het alles te make met sy verhouding met Abel en sy verhouding met God. Die twee is onlosmaaklik aan mekaar verbonde. As dinge met jou broer verkeerd is,

loop dit met God ook verkeerd. Lees gerus hoe aстранt hy met God praat. Die omgekeerde is natuurlik ook waar: as dinge met God skeefloop, werk dit deur na jou verhouding met ander, soos Genesis 3 duidelik wys.

God is besorg oor beide verhoudings. In Genesis 3:9, ná Adam en Eva van die verbode vrug geëet het, kom Hy na hulle en roep: “Waar is jy?” En in Genesis 4:9 vra God vir Kain: “Waar is jou broer Abel?” Dis hoekom die Wet van die Here twee kante het: liefde tot God (die eerste 4 gebooie) én liefde tot die naaste (die laaste 6). Die twee hoort bymekaar; dis twee kante van dieselfde muntstuk. Jy kan nie God liefhê en jou naaste haat nie, en jy kan nie jou naaste verwerp en meen dit het geen invloed op jou lewe voor God nie. Johannes spel dit in soveel woorde uit in 1 Johannes 4:20-21: “As iemand sê: ‘Ek het God lief,’ en hy haat sy broer, is hy ’n leuenaar; want wie sy broer, wat hy kan sien, nie liefhet nie, kan onmoontlik vir God liefhê, wat hy nie kan sien nie. En hierdie gebod het ons van Hom gekry: Wie vir God liefhet, moet ook sy broer liefhê.”

Die verhaal van Kain behoort ons baie onrustig te stem oor die skynbare gemak waarmee ons gebroke verhoudings met ander mense verdra. Die lysie kan nogal lank raak, maar begin dikwels in die eie gesin en skoonfamilie, of kollegas, of werkgewers of werknemers. Genesis 4 sê dit is nie by God goed genoeg nie. Hy wil weet waar is jou broer, jou skoonseun, jou kollega, jou buurman ...

Kain het sy skouers hieroor opgetrek, en die uiteinde is dat hy weg van God, in die wildernis, beland het (4:16). Gelukkig hou die verhaal van die Bybel nie daar op nie. Dit loop deur na ’n ander verhaal, waar ons oudste Broer nie soos Kain sy skouers opgetrek het oor dié vraag nie, maar ons kom opsoek het, die hemel verlaat het en langs ons kom staan het, tussen hemel en aarde gehang het en gebid het (Lukas 23:34): “Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie.”

Dalk voel jy ongemaklik by die lees van dié verhaal. Dalk het daar ’n naam in jou gedagtes opgespring terwyl jy dit gelees het. (Dis wat met my gebeur het toe ek hieroor begin dink het.) Dan weet jy mos nou wat God van jou verwag. Doen iets daaraan voordat jou offerrook ook begin dwarrel.

Israel sluit historiese verdrag met Gibeon

GILGAL. – Dit was 'n gebeurtenis van besondere historiese belang toe Josua ben Nun laat gistermiddag namens die Israëliete 'n nie-aanvalsverdrag met die leiers van Gibeon gesluit het.

In 'n perskonferensie net na die ondertekening het Josua gesê hy beskou hierdie verdrag as besonder betekenisvol, omdat dit die eerste tree op die pad van internasionale betrekkinge vir sy jong volk is. Hy het daarop gewys dat die Israëliete nog vir hulle 'n eie plek en identiteit in die internasionale gemeenskap sal moet vind, en sy dank uitgespreek teenoor die leiers van Gibeon vir die hand van vriendskap wat hulle na die Israëliete uitgesteek het.

Die Gibeoniete was merkbaar verlig nadat die verdrag onderteken is. Hulle leier het gesê hulle het van die roem van die Israëliete se God en hulle ongelooflike krygsvernuf gehoor en besluit om al die pad van hulle land af te kom om die verdrag te kom sluit. Hy het skertsend afgesluit en gesê al is hulle nie 'n nabygeleë buurland wat dalk in die Israëliete se pad kan beland nie, wou hulle nie kans vat nie. “Liewer bang Jan as dooie Jan,” het hy onder luide toejuiging gesê.

Teen druktyd gisteraand kon *Die Bybelkoerant* nog nie vasstel presies waar Gibeon geleë is nie. Daar is wel 'n stad Gibeon ongeveer 20 km wes van Gilgal, maar klaarblyklik is dít nie die Gibeon met wie die verdrag gesluit is nie.

- Lees van hierdie puik stukkie bedrog in [Jos. 9](#).

STAATSGREEP IN ISRAEL

JERUSALEM. – Dawid seun van Isai en sy hele hofhouding het gister in aller yl uit die hoofstad gevlug. Daardeur het hy toegegee dat sy seun Absalom se staatsgreep hom van sy troon gestoot het.

Absalom het vier jaar lank aan die staatsgreep beplan deur op onbeskaamde wyse die volk teen sy vader op te sweep met leuens en valse beloftes. Vandeesweek het hy na Hebron vertrek onder die voorwendsel dat hy daar gaan offer. Daar het hy homself egter tot koning uitgeroep, en die hele volk agter hom verenig.

Dit was 'n hartseer prosessie wat gister die Dawidstad verlaat het. Getroue volgelinge van Dawid het soos klein kindertjies gehuil toe hulle saam met hulle geliefde koning die Olyfberg uitgeklim het. Of hulle weer die prag van Jerusalem sal sien, sal net die tyd leer.

- Lees hiervan in [2 Sam. 15](#).

Groot groep ballinge terug uit Babel

JERUSALEM. - 'n Groot groep ballinge onder leiding van die priester Esra het vandeeweek, na 'n reis van vier maande, uit Babel hier aangekom. Hulle het ook twee en twintig ton silwer, drie en 'n half ton goud, en verskeie ander artikels saamgebring, alles geskenk deur koning Artasasta en sy amptenare, vir gebruik in die tempel.

Esra het in Babel bekendheid verwerf vir sy deeglike kennis van die Skrif. Hy het volmag van koning Artasasta ontvang om al die nodige te doen om die godsdienstige lewe van die Jode weer op die regte pad te plaas. Hy het ook uitgebreide magte ontvang om die tempeldiens te reël en die gemeenskapslewe reg te ruk. Godsdienstige leiers hier is baie opgewonde oor sy koms, en het die hoop uitgespreek dat hy die stad sal regruk. Dit is bekend dat die tempeldiens en ook die godsdienstige lewe van die Jode veel te wense oorlaat.

- Lees hiervan in [Esra 8:15-36](#).

Die Bybelkoerant

Afhanklikheid van God

Met een enkele sin vee die Bybelskrywer Josua en die Israelitiese leiers se staatsmanskap van die tafel: "Die Israeliete het na die padkos gekyk, maar nie die Here geraadpleeg nie (Jos. 9:14). Geen wonder nie dat die Gibeoniete hulle so lekker uitvang. 'n Mens wil amper uitroep: Kan dit waar wees? En tog gebeur dit - vandag nog!

Die diepe afhanklikheid van God waarmee Esra sy terugreis na Jerusalem aanpak, vorm hiermee 'n skril kontras. Ook Dawid, wat met die grootste haas alles wat vir hom lief en dierbaar was, moes agterlaat en vlug, doen dit nie sonder gebed nie. So sien ons hom op sy knieë op die Olyfberg; máák hy tyd om God se leiding te soek. Esra en Dawid het verstaan wat die Spreukedigter (3:5,6) sê: “Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staatmaak nie. Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop.”

Kom ons pak hierdie dag met al sy uitdagings en sy sleur ook só aan, terwyl ons die woorde van Jak. 1:5 in gedagte hou: “As een van julle wysheid kortkom, moet hy dit van God bid, en Hy sal dit aan hom gee, want God gee aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyf.”

Tot die mure omval

Jy het dit dalk ook al beleef: jy lees 'n Bybelgedeelte, maar dit praat nie lekker met jou nie. Dis of daar mure om die teks is wat keer dat jy in die teks inkom. En dit is inderdaad so: daar ís mure wat ons keer om die teks te lees en te verstaan soos die eerste lesers en hoorders dit verstaan het - mure van tyd, van kultuur, van wêreldbeeld ...

'n Teologie-professor van my, wyle prof. Nico Smit, het 'n beeld gebruik wat my al baie gehelp het as ek met 'n teks worstel en dit voel vir my die mure hou my buite. Hy sê in eksegeese (die aktiwiteit om 'n teks te verstaan) moet 'n mens met die teks omgaan soos die Israeliete destyds vir Jerigo aangeval het. Jy onthou mos: ses dae lank moes hulle elke dag om die stad loop, en op die sewende dag sewe keer, en daar val die mure van Jerigo om en lê die stad oop voor hulle. Só, sê prof. Nico, is dit met eksegeese ook. Soms moet jy maar om die teks loop, en weer, en weer, en dalk nóg 'n paar keer, totdat die mure om die teks omval en jy verstaan: dís wat God vir my wil sê!

Wat 'n wonderlik WOW-gevoel is dit nie om só by die boodskap van 'n gedeelte uit te kom nie! Nie wat ander gehoor of raakgesien het nie, maar wat jyself ontdek

het. Dis soos die verskil tussen kitskoffie en varsgemaalde, varsgemaakte cappucino. Dis meer moeite om die ware Jakob te kry, maar dis oor en oor die moeite werd.